PREEK
HEMELVAART
1 MEI 2008
Ds Freddie Schoeman

Ek hoef nie baie bewyse aan te voer om te kan sê dat ons vandag in 'n baie moeilike tyd leef nie. Die moeilikste aspek van ons situasie is om te probeer sin maak uit die een tragedie ná die ander. Baie mense slaag nie daarin nie en daarom emigreer baie en nog baie ander oorweeg dit sterk. Ons sukkel om te verstaan wat met ons gebeur.

Ons is natuurlik nie die eerste groep mense wat so iets moet deurworstel nie.

In die jaar 586 vC word Jerusalem verwoes en 'n groot gedeelte van Juda se bevolking word in ballingskap weggevoer deur die Babiloniese koning, Nebukadneser. In die proses het hierdie volk álles verloor: nie net hulle besittings, hulle grond, nie, maar ook alle ander dinge wat hulle veilig laat voel het - hulle koning, die stad, Jerusalem, en die tempel (!!). Nie net was hulle in materiële nood nie, hulle was veral in 'n geestelike nood. Hulle hele menswees was in gedrang.

Alles waarop hulle vertrou het, is onder hulle uitgepluk. Hulle het gedink hulle staan op vaste grond – hulle het gedink hulle is veilig; die Here is immers in sy tempel. Maar Nebukadneser en sy troepe het gewys dat dit alle net 'n illusie was. Nie net het die Babiloniese koning die stad in puin gelê nie – hy het ook die hart en die siel van die volk uitgeruk. Dit was 'n tragedie van monumentale omvang.

Klaagliedere 1:1-4:

Ag, hoe verlate lê die stad
wat vol mense was!
Sy het soos ’n weduwee geword,
sy wat magtig was onder die nasies.
Sy wat heerskappy gevoer het oor ander
moet nou dwangarbeid doen.
[2] Onbedaarlik huil sy die hele nag,
die trane loop oor haar wange.
...
[3] Juda se mense is weggevoer,
hulle kry swaar, hulle is slawe,
hulle sit tussen vreemde nasies
waar hulle geen rusplek kry nie;
hulle agtervolgers het hulle ingehaal,

hulle in die noutes vasgekeer.
4 Die paaie na Sion toe treur
omdat daar geen feesgangers is nie;
al haar poorte is verlate,
haar priesters sug,
haar jong vroue is bedroef,
sy het dit bitter.

Die skrywer van Klaagliedere kritiseer ook die vals profete wat die volk verseker het dat hulle veilig was en dat die Here vir altyd in die tempel sou woon.

2:14

Die visioene van jou profete
was vals en misleidend:
hulle het nie jou sondes blootgelê
sodat jou ballingskap
afgeweer kon word nie;
die openbaringe wat hulle
vir jou gegee het,
was vals en het tot jou verwerping gelei.

Hoewel die volk met 'n hele klomp goed gesukkel het, het hulle het veral gesukkel om sin te maak uit dit wat met hulle gebeur het. Dit wat gebeur het moes nooit gebeur het nie. Het die Here dan nie self gesê dat daar vir altyd 'n koning uit die nageslag van Dawid op die troon sou wees nie? (2 Sam 7[16] *Jou koningshuis en jou koningskap sal vir altyd vas staan; jou troon sal altyd voortbestaan*.) Het die Here dan nie self in sy heilige stad, in die tempel gewoon nie? Hoe kán die Here toelaat dat sy woonplek vernietig word? Hoe kan die Here toelaat dat hierdie geweldige tragedie sy volk tref?

Dit is geen wonder dat hulle het begin twyfel het aan die almag van die Here nie. Hulle het begin twyfel of die Here nog vir hulle omgee – of hulle nog sy uitverkore volk was. As die Here werklik vir hulle lief was – hoekom het Hy dan toegelaat dat dit met hulle gebeur? Is dit nie die vrae wat ons vir onsself vandag ook vra nie? Mense soek na sin en hulle soek na sekerhede. 60 000 mense wat vir 'n naweek bymekaarkom om die aangesig van die Here op te soek is 'n bewys daarvan.

In ballingskap het die volk ook met 'n kultuur te doen gekry wat hoogs ontwikkeld was en orals om hulle het hulle die tekens van voorspoed gesien en ook die indrukwekkende tempels van die Babiloniese gode. In vergelyking hiermee was hierdie arme volkie maar redelik agterlik en het hulle tempel, wat so belangrik vir

hulle was, eintlik maar slag afgesteek. Hulle het noodwendig begin wonder of Jahwe hulle God werklik almagtig was – was die gode van die heidene nie sterker nie? Was die ballingskap nie bewys daarvan nie?

Die volk het met hierdie vrae geworstel – en groot dele van hierdie worsteling om antwoorde te kry, het in die Bybel neerslag gevind. Groot dele van die Bybel het in hierdie tyd ontstaan.

In hierdie tyd het 'n merkwaardige profeet na vore getree. Ons vind sy woorde vandag in Jesaja 40-55. Die filosoof Karl Jaspers reken dat hierdie profeet een van dié invloedrykste figure in die ontwikkeling van die denke van die mense was. Die tragedie en die ironie was dat die volk nie regtig destyds kennis geneem het van hierdie profeet nie. Hulle het wel sy profesieë versamel en deel gemaak van die Jesaja-boek, maar hulle het nie sy woorde ter harte geneem nie. In die ontwikkeling van die Judaïsme in die eeue wat op die ballingskap gevolg het, speel die profeet nie eintlik 'n rol nie.

Daar was egter Iemand wat wel hierdie profeet se woorde ernstig opgeneem het. Sy naam was Jesus, die rabbi van Nasaret. Dit was een van die redes waarom Jesus so radikaal van die godsdienstige owerhede van sy tyd verskil het en waarom hulle met mekaar gebots het.

Jesaja 40-55 se boodskap het veral drie aspekte gehad wat vir die volk van groot betekenis kon gewees het as hulle dit hulle eie gemaak het. En met die oog op vandag is dit merkwaardig dat met Jesus se hemelvaart hierdie drie aspekte van die profeet Jesaja se boodskap mekaar ontmoet en deursny.

Wat is die drie aspekte van Jesaja se boodskap? Hy het die volk aangemoedig om (1) anders na God te kyk, (2) anders na hulleself te kyk, en (3) anders na die ander nasies te kyk.

- God is die Skepper en die Onderhouer van hierdie wêreld. Hy is Almagtig en Hy is in beheer. Daarom kan Hy sy volk uit ballingskap verlos. Hy is die enigste God en daar is nie ander gode nie. Moenie kyk na die indrykwekkende kultuur en tempels en gode van die Babiloniërs nie. Die Here is en bly die enigste God – en Hy is en bly in beheer.

  Jesus se hemelvaart kom bevestig vandag hierdie aspek van Jesaja se boodskap. Hy het opgevaar en sit aan die regterhand van God die Vader. Dit beteken dat Jesus die koning is en dat Hy regeer. Vandag nog kan ons daarvan seker wees! Dit lyk net vir ons asof alles uitmekaar val – maar ons moet nie altyd glo wat ons oë sien nie. As 'n mens 'n stuk borduurwerk vat en 'n mense

draai dit om – dan lyk dit chaoties; dis net 'n deurmekaarspul garingdrade wat nie sin maak nie. Die wêreld is God se borduurwerk – maar ons kyk daarna van die onderkant. Jesus se hemelvaart moedig ons aan om daaraan vas te hou dat omdat Hy die koning is en omdat Hy regeer, die borduurwerk uiteindelik 'n wonderlike kunswerk sal wees.

- Die tweede aspek van die ballingskapprofeet se boodskap is dat hulle anders na hulleself moet kyk. In stede daarvan dat hulle hulleself sien as die uitverkore volk wat maar net terugsit en dat die Here hulle bedien, moet hulle nou self die gestalte van diensknegte aanneem. Hulle moet hulleself sien as instrumente in die hand van die Here. Die ballingskapprofeet dig vier aangrypende liedere – dit staan bekend as die "Kneg van die Here" – liedere. Die volk moet hulleself sien as hierdie kneg. Om dienskneg te wees beteken noodwendig lyding; die behels noodwendig swaarkry. Maar hulle lyding verlig die lyding van die wêreld – en daarom is hulle lyding en swaarkry sinvol.

  Jesus is natuurlik die dienskneg by uitnemendheid. Deur sy lyding het daar vir ons verlossing gekom. Die woorde van Jesaja 53:5 is bekend:

  Oor ons oortredings is hy deurboor,
  oor óns sondes is hy verbrysel;
  die straf wat vir ons vrede moes bring,
  was op hom,
  deur sý wonde
  het daar vir ons genesing gekom.

  Net voor sy hemelvaart sê Jesus vir sy dissipels: Die Heilige Gees sal oor julle kom en julle sal my getuies wees. Die Griekse woord vir getuie is "martus" – ons woord "martelaar" kom van hierdie woord. Om 'n getuie te wees beteken om te ly.

- Die derde aspek van die ballingskapprofeet se boodskap is dat hulle anders na die nasies om hulle moes kyk. Tot dusver was al wat vir die volk belangrik was hulleself: hulle land, hulle koning, hulle stad. God was in hulle diens. Sy taak was om hulle te beskerm en in ruil daarvoor sal hulle vir Hom offers bring. 'n Selfsugtige godsdiens.

  Hierdie profeet kom sê egter 'n baie ongewilde ding: God se liefde is bedoel vir *al* die nasies. God is nie net lief vir sy eie volk nie – God is lief vir al die ander volke ook! In een van die knegliedere vind ons die volgende woorde (Jesaja 49:5b-6):

Die Here het my
'n belangrike opdrag gegee
en my God gee my die krag
om dit te doen.
[6] Hy het gesê: Dit is nie genoeg
dat jy my dienaar is
om die stamme van Jakob te herstel
en om die Israeliete wat gered is,
terug te bring nie;
Ek maak jou 'n lig vir die nasies
sodat die redding wat Ek bewerk,
die uithoeke van die aarde sal bereik.

Klink hierdie woorde bekend? Jesus eggo hierdie woorde as Hy met sy hemelvaart vir sy dissipels sê: … julle sal my getuies wees, in Jerusalem, sowel as in die hele Judea en in Samaria, *tot in die uithoeke van die wêreld.*

Hemelvaart 2008 – kom sê ook vir ons:

- Ons met leer om anders na God te kyk: Jesus is die koning, Hy sit aan die regterhand van God, Hy is in beheer van alles. Al lyk dinge van onder af chaoties – God is besig met 'n asemrowende kunswerk.

- Ons moet leer om anders na onsself te kyk: ons moet raaksien dat ons nie hier vir onsself is nie – ons is hier om God se diensknegte te wees om die lyding en nood van ander te verlig.

- Ons moet leer om anders na die mense rondom ons te kyk: God se liefde is vir al die nasies van die wêreld bedoel en ons taak is om 'n lig te wees wat skyn sodat God se redding die uithoeke van die aarde kan bereik.